# Smith voortreflik

Deur BARRIE HOUGH

**ROOTS AND SHOOTS deur die Elastic Head Band. In die Upstairs by die Mark - Teater.**

DIE verskeidenheid wat hierdie groep in hulle aand se vermaak bied, word baie goed weerspieël in die naam wat hulle gekies het. Verskeie temas is in verskillende musiekstyle deur uiteenlopende kunstenaars aangebied.

Die kollig was nie net letterlik die meeste van die tyd op John Oakley Smith gerig nie. Hy is 'n voortreflike jong musikant, wie se komposisies 'n sjarme aan die aand verleen het. Waiting in the Road en One Armed Bandit is droefgeestige liedjies wat met beheersde gevoel deur hom gesing is, terwyl hy homself meesterlik op die klavier begelei het.

Lady From the Odeon, 'n humoristiese liedjie wat diepsinnig op die bestaan van die gewone mens kommentaar lewer deur dit met die kunsmatigheid van beroemde sterre te vergelyk, is professioneel deur Leonie Hofmeyr gesing. Dit was beslis haar beste bydrae van die aand.

Haar eie komposisies,



DAVID MARKS

Cross the Bridge en Hungry Eyes, is musikaal onbevredigend. Op sommige plekke het sy te skril en wanklankig gesing. Ook was die woorde ietwat melodramaties en vol clichés.

David Marks se vertoning het sy Country and Western - klanke met groot swier laat geld. Die satiriese Let the Bad Times Roll het groot vermaak verskaf.

Mike Dickman se kitaarspel was indrukwekkend, veral in die instrumentele nommertjie Tinkle in the Sky waarin sowel hy as Smith groot tegniese vaardigheid aan die dag gelê het.

Die lewenskragtigheid van hierdie groep toon groot belofte en 'n mens wens die wortels en lote wat só geil groei 'n blomryke toekoms toe.